Toegang tot ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord

Die volgende reëls en riglyne vir toegang tot die ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord (hierna genoem, KKV), is van toepassing:

Toegang tot KKV gedurende die week (Maandag tot Donderdag)

- Slegs Negester Klein-Kariba-eienaars kwalifiseer vir gratis toegang tot KKV. Dit behels:
  - Gratis toegang vir eienaars en hul gaste vir die gebruik van nie-betaalde fasiliteite en geriewe.
- Toegangs-ure via Kapelhek na KKV:
  - 07h30 tot 17h00 (Maandag tot Donderdag – 1 September tot 31 Maart).
  - 07h30 tot 14h00 (Vrydag – 1 September tot 31 Maart).
  - 08h00 tot 17h00 (Maandag tot Donderdag – 1 April tot 31 Augustus).
  - 08h00 tot 14h00 (Vrydag – April tot 31 Augustus).

Toegang tot KKV gedurende naweke, skoolvakansies en openbare vakansiedae

- Daar is slegs beperkte toegang tot KKV vir die gebruik van nie-betaalde fasiliteite en geriewe gedurende naweke, skoolvakansies en openbare vakansiedae**.**
  - Aangesien KKV gedurende hierdie dae ten volle beset is, kan daar slegs ’n beperkte aantal addisionele dagbesoekers toegelaat word.
  - Indien u KKV wil besoek, is ’n voorafkennisgewing nodig. Skakel 014 736 9800 gedurende KKV-kantoorure om die nodige reëlings te tref.
  - Die ATKV se dagbesoekersfooi is R 90.00 per persoon – vir kinders tussen 3 en 12 is die dagbesoekersfooi R 60.00 per kind (vir kinders jonger as 3 jaar is die toegang gratis).
  - 10% korting word op die dagbesoekersfooi toegestaan indien eienaars en hul gaste ATKV-lede is.
  - Die ATKV-dagbesoekersfooi is deur alle partye betaalbaar.
  - Vir die bywoning van aandvermaak/kunstenaars is ’n dagbesoekersfooi betaalbaar en voorafbespreking is noodsaaklik.
- Geen toegangsfooi is betaalbaar indien eienaars en hul gaste die winkel wil besoek nie. ’n Een uur permit sal uitgereik word.
- Geen toegangsfooi is betaalbaar indien eienaars en hul gaste die Koswerf-restaurant wil besoek nie, maar voorafbespreking is noodsaaklik.
  - Vir ’n Sondagoggend- en middagbuffet moet eienaars eers by die KKV-ontvangs (hoofhek) vir hul etes betaal. Die drankies word by die restaurant betaal.
  - Skakel die restaurant by 014 736 9859/54 om u voorafbespreking te maak.
- Toegang-tydens naweke, skoolvakansies en openbare vakansiedae is via die KKV se hoofhek.

Algemeen

- KKV se intekenprotokol geld vir alle besoekers.
- Dagbesoeker-ure is vanaf 08:00 tot 18:00.
- Indien ’n eienaar sy/haar huis verhuur en die huurder is ’n lid van die ATKV, sal hierdie toegangsreëls ook op die huurder van toepassing wees.
- Vir enige navrae rakende toegang tot KKV, kan die HEV-kantoor gedurende kantoorure besoek of gekontak word by 083 405 0351, of stuur ’n epos na adminKK@negester.co.za.